MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

10 MAY 2011

Mediaverslag: CDP en die munisipale verkiesing

Nota: Die evaluasie is onvolledig omdat dit nie moontlik is om alle media te monitor nie. Veral radio-nuusdekking is baie moeilik om te monitor. Die evaluasie is dus op sterkte van inligting wat wel bekom kon word.

Agtergrond: Die CDP se mediaverklarings word na groot media landswyd versend. Dit bevat in die reël 'n Afrikaanse en 'n Engelse teks. Dit sluit in SAPA, Newsflash News en Penorent Nuus. Laasgenoemde voorsien nuusbulletins aan radiostasies met 'n gesamentlike luistertal van sowat 'n miljoen. Dit is veral gemeenskapsradiostasies wat nie hul eie nuusspanne kan bekostig nie.
News Flash News is soortgelyk, maar groter, en voorsien nuusbulletins in Afrikaans en in Engels.
Daar is ook afsonderlike adreslyste vir die provinsies, en een vir landbou.

Internet
Die CDP se nuusverklarings word op die CDP se amptelike webblad geplaas, en kom ook outomaties op 'n blog waarheen die nuusverklarings wat ek versend geplaas word.
Baie van die verklarings beland weer op ander webwerwe, sommiges bedenklik, maar sommiges ook nuusblogs soos dié van Iafrica. Hoewel die kombinasie "Theunis Botha" cdp of Christian of Christen meer as 8 000 trefslae oplewer, is dit baie moeilik om te bepaal hoeveel mense op hierdie wyse bereik en beïnvloed is.
Omdat die CDP ook Afrikaanse teks gebruik, terwyl groter p[artye soos die ANC, DA (baie selde), en ACDP nie, kry CDP-nuusverklarings op webwerwe soos "Jou Wêreld" en "Koerqant.co.za voorkeur. Laasgenoemde het aan my 'n self-laaigerief gegee, en ek moet baie selektief CDP-verklarings plaas om nie van die gerief misbruik te maak nie.

Algemene tendens
Bykans asof 'n kollektiewe besluit, het verskeie van die media 'n duidelike besluit geneem om voorkeur te gee aan groter partye, veral partye wat in die parlemenet verteenwoordig is. (Die beginsel is verstaanbaar in die lig daarvan dat meer as 'n honderd partye, plus onafhanklikes, vir die verkiesing geregistreer het). Verteenwoordiging in die parlement is 'n belangrike norm. Vergelyk bv die volgende uit News 24:
HOT TOPICS: ANC | DA | Cope | ID | IFP | ACDP | UDM | FF Plus
Daar word dus nie werklik voorsiening gemaak vir ander partye as die hierbo nie. Dit word deur die nuusdekking weerspieël. Dit kan onder meer gemeet word deur te vergelyk hoeveel van die SAPA-berigte wat deur die CDP gegenereer is, nou in News 24 en IOL opgeneem word, vergeleke met die persentasie wat so oorgeneem is voor die verkiesingsveldtog (afgeneem van 'n naastenby 100 % gebruik na 'n ongeveer 0 % gebruik).
Dit is natuurlik anti-demokraties, en druis in teen die media se rol in die funksionering van demokrasie.
Die vernaamste "teenvoeter" is om items met 'n sterk nuuswaarde uit te reik, en dit goed aan te bied. Dit verg soms heelwat navorsing, soos uit buitelandse media, wat beteken die CDP is dan die enigste nuusbron in SA oor 'n saak. Dit het egter gebeur dat van die media dan wel die nuus oorneem, maar die CDP daaruit dissekteer.

Temas
Veral SAPA was geneig om die CDP se verklarings te gebruik as dit met die party se nismark (godsdiens, soos die gereelde uittrap van Zuma en die ANC oor godsdiensmisbruik) gebruik, asook plaasmoorde. Beide het egter grootliks opgedroog.
Heel teen die normale verloop in, het die CDP wel weer SAPA-dekking (en in een geval IOL) oor die hofsaak oor mineraleregte.

Dit raak dis nou al hoe onvoorspelbaarder hoe en wanneer die ACDP daarin gaan slaag om nuusdekking te verkry.
Daar is dikwels geen bepaalbare analoog nie. Na my oordeel sou dit onbillik wees om van die minister van Staatsveiligheid te eis om as minister te bedank omdat sy vervreemde vrou aan dwelmhandel skuldig bevind is. Tog is dit waaroor ander partye nuusdekking gekry het.

Groot Afrikaanse koerante
Die CDP het meer as ‘n maand laas nuusdekking in Volksblad gekry. Dit word vermeld omdat dit die Nasperskoerant is wat die meeste dekking aan die CDP gegee het.
In Beeld was die laaste blootstelling op 29 Maart, terwyl Son op 12 April gedra het. Die Beeld-berig was die gevolg van ‘n mediaskakelaksie.
Die Burger (Westelike uitgawe) het verlede jaar laas nuusdekking verleen.
Verla Beeld se nuusdekking is uit pas met die CDP se bewese steun, en dui heel moontlik op ‘n “kopprobleem” binne Beeld, maw ‘n ideologiese afsydigheid. Hiermee word nie te kenne gegee Beeld tree verkeerd op nie , die koerant is in privaat besit en is geregtig om te steun wie hy wil.

Remidiërend
Min, indien enige party, het so ‘n omvattende mediaveldtog vir mediavryheid gevoer. Die media het nie van ander partye ‘n “plaasvervangende” of alternatiewe nuusvoer hieroor gekry nie. Die feit dat die meetbare media desondanks nie die CDP se verklarings gebruik het nie, dui op ‘n gesindheidsprobleem. Dat die insette wel goed genoeg was, blyk daaruit dat daarvan in bv die nuusbrief van Die Vrye Woord, ‘n liggaam van Afrikaanse skrywers wat hulle vir mediavryheid beywer, opgeneem is.

Independent
Omdat Independent van my vereis het om via hul “Political Bureau” te werk is groot skade gelei toe dié kanaal die CDP effektief begin boikot het. Wat wel Independent se koerante gehaal het, het hulle nie van hul PB gekry nie, maar van SAPA. Veral tov Pretoria News is die probleem oorkom toe mnr. Richard Botha weer regstreekse kontakte se kontakadresse voorsien het. In die geheel beskou het ek die indruk gekry (soos deur Google) dat die CDP veel beter in die Independent se koerante gevaar het.

Radiostasies
Van die gemeenskapstasies met sterk aktualiteitsprogramme, soos Radio Pretoria en Radio Overveld, het mildelik aan die CDP nuusdekking verleen. Radio Pretoria word oor verskeie provinsies in die voormalige Transvaal gehoor, asook groot dele van Noord KZN. Radio Overvaal word oor ‘n groot deel van die Noord-Vrystaat, die stedelike gebiede van Noordwes soos Klerkdorp en Potchefstroom tot teen die berg suid van Rustenburg gehoor. Periodieke nuusdekking is ook van Radio Jakaranda met ‘n baie groot luistertal verkry.
Danksy die verspreiding deur Penorent en waarskynlik News Flash News is ‘n mens bewus van redelike blootstelling op stasies soos OFM en radio Rosestad, en dieselfde sal bv geld vir stasies soos Radio Rippel. Onlangs is ‘n navraag van Radio Kingfisher gekry.
Omdat die CDP nie oral kandidate gestel het nie, is baie van die blootstelling nou bloot “beleggings”.

Afleidings
Die indruk word gewek dat veral Media 24 se koerante ‘n aktiewe veldtog voer om die DA te bevorder. Teen dié agtergrond sal enige nuusdekking aan ander partye ongeleë wees, terwyl dekking wat krities op die DA is, ongewens sal wees.
Verskeie partye, soos die Vryheidsfront Plus, maak dus ook baie van die internet en radio-advertensies gebruik. Dat die VF + ‘n probleem met nuusdekking het, dui in ‘n mate op die omvang van die probleem, aangesien hierdie party oor ‘n sterk vermoë en baie kundigheid op dié terrein beskik – in ieder geval veel beter as die DA s’n (wat net groter is).
Verskeie instansies wat voorheen geen probleme gehad het om nuusdekking te kry nie, veral in Afrikaanse koerante, soos bv die Afrikanerbond, die Monumentekommissie en die Bloemfonteinse Skrywersverenging (wat ‘n landswye skryfkompetisie al vir jare aanbied) kla oor snoep media-behandeling. Die probleme is velerlei, soos dat van die instansies te stadig by die veranderde eise

van media aangepas het, maar die samestelling van redaksies skep ook probleme. Vir die nuwe redaksiespanne is sulke instansies of onbekend, of die vyand.
Weens ‘n verskeidenheid faktore is die algemene kennisvlakke van baie koerante se verslaggewers tov nuuswaardigheid baie anders as in die verlede. Dit kan bv gesien word in die verdwyning van aktualiteitstydskrifte (soos Insig) en die omskepping van aktualiteitsbylaes, soos By, in net nog vermaak-bylaes. Die ruimte vir aktualiteit raak besonder beperk, en kleiner partye sal sukkel om “in die nuus te bly,” ‘n kringloop want dit beteken dat ook minder joernaliste van hulle weet, en dit nog moeiliker word om in die nuus te bly. Die ongelukkige gevolg is dat mediaskakeling (media liaison) al hoe belangriker word, veral op hoë vlakke, om kanale “oopgeblaas” te kry.

Slot
Veral omdat dit baie moeilik is om te bepaal hoeveel blootstelling via die internet verkry word, is dit “veiliger” om genoeg blootstelling in die gedrukte media te verkry. Die sukses sou wel meetbaar wees sou daar gereeld terugvoer van die webinligting gewees het, bv navrae oor beleid en lidmaatskap.
Radio-blootstelling is belangrik omdat dit een sintuig, gehoor, aanspreek. Dit is ‘n belangrike medium vir “saadjie plant” en goeie aanvuller vir iets wat visueel gesien kan word. (Plakkate, pamflette).
Die media is altyd net ‘n onderdeel van bemarking.
En dan is daar nog die lastigheid van ander partye wat vir dieselfde kiesers meeding. Uiteindelik is dit ‘n opweeg van kundigheid en energie.